# DIE SKIETLOOD

218e Uitgawe 15 September 2023

saam met Koersvas 218

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


## Die Heidelbergse Kategismus

### Inleiding

Die Heidelbergse Kategismus is een van die vernaamste dokumente in die boekery van die Calvinisties-Reformatoriese tradisie. Die drie Formuliere van Eenheid (NGB, Heidelbergse Kategismus en Dordtse leerreëls) word vandag steeds as waarmerk van Reformatoriese denke verstaan en aanvaar.

Sy ontstaan in die sestiende eeu (kort na die verskyning van die NGB) dien tog vermeld te word alvorens ons die teks van nader beskou.

Die Palts (die polities-geografiese naam van 'n streek grensend aan die Ryn rivier) was een van sewe graafskappe binne die Duitse ryk. Die regeerders van hierdie sewe graafskappe was bekend as keurvorste en hulle het namens die Duitse volk die Keiser van Duitsland verkies. Heidelberg was (1231-1720) die hoofstad van die Palts. Drie rolspelers moet uitgesonder word in terme van die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus. Sommige moderne navorsers beweer dat meer as net hulle betrokke was asook al die dosente by die universiteit van Heidelberg (ontstaan 1346 nC). Daardie gesprek sal nie hier weergegee word nie. Keurvors Frederik III, Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus was die drie hoofrolspelers in die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus.

**Keurvors Frederik III** (1515-1576, sy van was Pious - vroom) het keurvors geword in 1559. In Duits sprekende gebiede was daar twee strome van die Reformasie wat met mekaar in stryd was. Aan die een kant was daar die Lutherane en aan die ander kant die Calviniste. Die Switserse hervormer Zwingli se denke het ook 'n rol gespeel. Keurvors Frederick III het gepoog om versoening tussen die strydende partye te bewerkstellig. Hy het in sy leiding eindelik gekies vir die Calvinistiese lyn van denke. Melanchton was een van sy hoof raadgewers en dié het vrede en gematigde optredes aangeraai. Frederik III was aktief betrokke by die opstel van die Kategismus. As regeerder het hy baie gedoen- en gegee vir die behoeftiges in sy Graaf-dom. Hy was beginselvas en was bereid om eerder afstand te neem van sy kroon as om sy beginsels te versaak. Op sy inisiatief het Ursinus en Olevianus die Heidelbergse Kategismus opgestel. Beide was tweede generasie hervormers en ons kan hulle taak as meer in terme van uitbrei en verduidelik van Reformatoriese beginsels beskou.

**Zacharias Ursinus** gebore te Breslau op 18 Julie 1534 het in 1550 tot 1557 onder Melanchton studeer te Wittenberg. Hy het wyd gereis en het verskeie Reformatore geken waaronder

Bullinger en Calvyn. Laasgenoemde het 'n versameling van sy werke aan Ursinus geskenk met die nota dat hy sy goeie jong vriend die beste toebid. Ursinus het opeenvolgende leerstoele beklee te Breslau, Zürich en Heidelberg. In Heidelberg het hy met ywer gewerk totdat Louis VI hom en ses honderd getroue leraars na die dood van Frederik III in 1576 verban het. Tot sy dood op 6 Maart 1583 het hy hard gewerk in die teologiese skool wat hy tot stand gebring het in Neustadt an der Hardt onder beskerming van Johannes Casimir die tweede seun van Frederik III.

**Caspar Olevianus** is gebore op 10 Augustus 1536 te Treves. Hy het antieke tale bestudeer te Parys, Bourges en Orleans. Daarna het hy teologie bestudeer te Genève en Zürich. Hy het ook die oorlewende hervormers in Switserland geken. By geleentheid het hy op groot risiko van eie lewe, Frederik III se seun gered van verdrinking. Olevianus het die hervormde leerstukke in Treves begin preek en is daarvoor in die tronk gestop. Met sy vrylating is hy na Heidelberg ontbied om daar teologie te doseer en te preek. Hy was die hoof-raadgewer van die keurvors. Na die dood van Frederik III is hy ook verban en het 'n heenkome gevind te Herborn waar hy op 27 Februarie 1585 oorlede is.

Die Heidelbergse Kategismus was nie die eerste kategismus wat gepubliseer is nie. Ursinus en Olevianus kon gebruik maak van verskeie sodanige kategismusse. Lutherse-, Calvinistiese-, Londense- en Switserse kategismusse, asook Calvyn en Bullinger se werk, het ingespeel op die formulering. Daar word beweer dat die keurvors self sekere bewoordings herformuleer het. Daarmee saam het Ursinus en Olevianus elk 'n eie persoonlikheid en benadering gehad wat in groter harmonie saamgewerk het om die Kategismus saam te stel. Ursinus was die toegewyde harde werker wat met didaktiese helderheid en eksakte benaderings korrekte formulering aangevuur het. Olevianus was die sagte pastorale medewerker wat die teks vir die leek toeganklik sou maak. Hulle gesamentlike teks in Duits en Latyn (later dieselfde jaar) het in Januarie 1563 die stempel van goedkeuring van die kerke te Heidelberg gekry. Dit het vandaar ook die naam gekry van "Heidelbergse Kategismus". By die derde uitgawe van die Heidelbergse Kategismus (steeds in 1563) het vraag 80 aangaande die verstaan rondom Nagmaal bygekom.

Die Kategismus is reeds in meer as veertig tale vertaal en is in wye gebruik binne die Calvinistiese tradisie.

Die Heidelbergse Kategismus word in drie verdeel: Sonde, verlossing en blye dankbaarheid. Die Wet word twee maal gebruik om in te pas by twee van die funksies van die Wet, te wete die bewusmaking van ons sondigheid (deel een) en die riglyne tot 'n blye dankbaarheid uitleef (deel drie). Anders as die indeling van Luther, word die gebed ook in die derde deel bespreek as deel van ons dankbare antwoord. Die Kategismus is, soos in Frederik III

se voorwoord aangedui, bedoel om selfs tot leke en kinders te spreek.
Die Heidelbergse Kategismus moes 'n nuwe geslag Reformatore inlei in die Bybels-Reformatoriese denke, en ook bekeerlinge lei tot 'n vaste geloof.

Ons sluit die voorwoord af deur die Koninklike voorwoord tot die eerste uitgawe van die Heidelbergse Kategismus aan te haal. Die vertaling soos ingegee in die NHKA se Diensboek in opdrag van die AKV 1983 word gebruik.

*VOORREDE BY DIE EERSTE UITGAWE*

*Ons, Frederik, deur God se genade Paltsgraaf aan die Ryn, hoof hofbeampte en keurvors van die Heidelbergse Romeinse Ryk, hertog in Beiere, (ensovoorts,) bring ons vriendelike groete oor aan almal en elkeen van ons superintendente, Pastore, Predikers en ander ampsdraers in kerke en skole in ons keurvorstedom, die Paltsgraafskap aan die Ryn. Ons bepaal hiermee dat u kennis neem van die volgende:*

*Daartoe gemaan deur die Goddelike Woord en ook deur natuurlike plig en gesindheid, het ons die verantwoordelikheid aanvaar en ons voorgeneem om die amp, beroep en regering wat God aan ons opgedra het, uit te voer en te reël nie alleen met die oog op 'n vreedsame en rustige bestaan nie, maar ook met die oog op die handhawing van die ingetoë, opregte en deugsame gedrag en lewe van ons onderdane, vernaamlik egter ook om hulle steeds meer te lei en te bring tot regskape kennis van en eerbied vir die Almagtige en sy saligmakende Woord, as die enigste fondament van alle deugde en gehoorsaamheid. Ons wil ook graag van harte bevorder dat hulle hulle voluit sal beywer vir hulle ewige en tydelike welvaart en wil hulle soveel as wat ons kan, help om hulle daarby te hou.*

*By ons bewindsaanvaarding het ons gevind dat ons liewe neefs en voorgangers, Paltsgrawe, keurvorste, ensovoorts, van loflike en salige nagedagtenis, allerhande Christelike en nuttige reëlings gemaak en beplan het tot bevordering van die eer van God en die handhawing van burgerlike dissipline en beleid.*

*Die maatreëls is egter nie met die nodige erns deur almal deurgevoer nie en die verwagte en begeerde vrugte het nie gevolg nie en kan nie gesien word nie. Dit noodsaak ons om die reëlings nie alleen opnuut van krag te maak nie, maar ook te verbeter en uit te brei en verdere voorsiening te maak. Ons vind dit 'n ernstige leemte dat oral in ons keurvorstedom die opgroeiende jeug op 'n baie nalatige wyse opgevoed en onderrig word, in die skole sowel as die kerke. Deels word dit glad nie gedoen nie, deels nie eenvormig nie en volgens geen vaste, sekere en duidelike leerboek nie, maar volgens elkeen se eie plan en goeddunke. Naas baie ander groot verkeerdhede het dit tot gevolg gehad dat die jeug in hoë mate sonder eerbied vir God en sonder kennis van sy Woord opgegroei het, geen eenvormige onderwys ontvang het nie of andersyds met omslagtige, onnodige vrae en soms selfs met verkeerde leer belas is.*

*Sonder die regte onderwys kan nóg die Christelike nóg die wêreldlike ampte, nóg die regering nóg die huishoudings bestendig onderhou word. Dissipline en eerbaarheid en alle ander goeie deugde moet by onderdane toeneem en opbloei; Die jeug moet van die begin af in die eerste plek opgevoed word in die suiwere en ook eenvormige leer van die heilige evangelie en in die regskape kennis van God, en voortdurend daarin geoefen word.*

*Ons het dit dus hoogs noodsaaklik geag om hieraan, as die belangrikste element van ons regering, behoorlik aandag te gee, die verkeerdheid en ongelykheid af te skaf en noodsaaklike verbetering aan te bring.*

*Daarom het ons met die advies en medewerking van ons hele teologiese fakulteit alhier en ook van alle superintendente en die belangrikste kerklike ampsdraers, 'n samevattende onderrig of Kategismus van ons Christelike godsdiens uit die Woord van God laat opstel en vasstel, in Duits sowel as Latyn. Daarmee sal die jeug voortaan in kerke en skole Godsaliglik onderrig word en eenstemmig daartoe opgevoed word. Ook die predikers en skoolmeesters sal 'n seker en vaste vorm en maatstaf hê hoe hulle in die onderrig van die jeug moet optree, en nie na eie goeddunke die daaglikse onderrig onderneem of verkeerde leer invoer nie.*

*Ons vermaan en beveel almal en elkeen van u vriendelik en ernstig dat u die opgestelde kategismus of onderrig dankbaar sal aanvaar ter wille van die eer van God en ter wille van ons onderdane, en ook ter wille van die nut en voordeel vir u eie siele, en dat u die Kategismus korrek, vlytig en deeglik by die jeug sal inskerp in skole en in kerke, en ook by die gewone man van die kansel af, dat u daarvolgens sal leer, doen en lewe. Die ongetwyfelde hoop en vooruitsig bestaan dat die Almagtige ook verbetering van lewe en tydelike en ewige welvaart sal verleen en laat ervaar wanneer die jeug van jongs af so met erns onderrig en opgevoed word in die Woord van God. Dit is ons wens dat sal gebeur wat hierbo gestel is, en dit word na u vir uitvoering verwys:*

*Gegee te Heidelberg op Dinsdag die negentiende dag van Januarie, in die jaar duisend vyfhonderd drie en sestig na die geboorte van Christus ons liewe Heer en Saligmaker*.

Volgende uitgawe begin die kommentaar by **Sondag 1 Vraag 1**